





K.G. Op GEORGE

Besoekers Verras Op Vergadering

Op Donderdag, 14 Maart, het dr. J. F. J. van Rensburg, Kommandant-generaal van die O.B., 'n openbare vergadering onder beskerming van die O.B. in die stadsaal van George toegevoeg.

Komdt. F. H. Robertson was die voorsitter, terwyl mnr. J. T. C. Lamprecht met gebed geopen het. Die stadsaal was vol en daar is verskeie persone opgemerk wat nie lede van die Beweging is nie.

Dr. Van Rensburg is luid toegejuig deur die gehoor waarin alle seksies verteenwoordig was. Na die afsluiting met Die Stem van Suid-Afrika het die K.G. aangekondig dat indien enige persoon verdere inligting wil hê, hy gewillig is om vrae te

Vlootverliese Van Brittanje

Volgens die syfers wat die Britse admiraliteit verstrek het, het die Engelse gedurende die oorlog 3,282 skepe verloor. Dit sluit in drie slagskepe, twee slagkruisers, 23 kruisers, 134 torpedojagers en 77 duikbote. Een-en-vyftig duisend matrose is hierdeur gedood. Dit is 20,000 meer as gedurende die vorige oorlog.

Duitse duikbote het 781 skepe gekelder, terwyl die Italiaanse en Japanse duikbote vir 85 en 130 skepe onderskeidelik verantwoordelik was.

MEERDERHEID VAN KOUKUS STEM VIR SAMEWERKING

H.N.P.-Leiding Volhard Egter

Die amptelike houding van die H.N.P.-leiding is besig om steeds meer verset in die party se koukus uit te lok, na uit onbetwisbare bron verneem word. Die groot meerderheid van die koukus is reeds ten gunste van samewerking met die Ossewabrandwag, terwyl 'n jaar gelede slegs 'n klein minderheid hulle vir samewerking beywer het. Die maghebbers in die party bly nietemin nog onversetlik in hul vyandskap teenoor die Volksbeweging.

'n Geheime stemming oor die vraagstuk van samewerking met die O.B. is kort gelede deur die H.N.P.-koukus gehou. Die uitslag was verrassend. Driekwart van die lede het ten gunste van samewerking gestem, in vergelyking met slegs 'n paar stemme 'n jaar gelede.

Hierdie houding van die koukus is 'n weerspieëling van die volk se begeerte in sover die parlamentslede van die H.N.P. op hoogte is met die gevoelens in hul kiesafdelings.

Vir enkele lede, soos byvoorbeeld mnr. Tom Naudé van Pietersburg, wat in die verlede nooit teen die O.B. te kere gegaan het nie, is dit ewenwel 'n

saak van oortuiging dat die volk se gelede herstel moet word.

VERANDER NIKS

Die uitslag van die geheime stemming bring egter geen verandering in die amptelike houding van die party mee nie, aangesien die maghebbers juis die mense is wat in die verdeeldheid wil volhard. Mnr. Eric Louw is by uitstek die verteenwoordiger van hierdie haatdraende groep. Dr. Malan self is glo geneig om aandag te skenk aan die begeerte van die meerderheid in sy koukus, daar hy van aanleg graag op die meerderheid steun, maar hy sien glo ook nie kans om die heethoofde te verloor wat dreig dat hulle 'n tweede skeuring sal


veroorzaak as hy toegee aan die eenheidsbegeerte nie. In hierdie verband word beklemtoon dat dit veral 'n paar van die aspirant- of skaduwee-ministers — soos hulle in parlementêre taal genoem word — is wat gekant is teen samewerking. Hulle sien daarin 'n gevaar vir hul eie posisies. Hulle vrees dat samewerking tussen die opposisie-groepe moontlik kan uitloop op 'n herreëling van die skaduwee-kabinet en dat nuwe kragte buite die party die poste kan kry waarvoor hulle hul tande slyp. Hulle kan nog nie heeltemal beseef dat die Ossewabrandwag werklik niks opeis vir sy aandeel in 'n volkstryd nie. Maar afgesien hiervan vrees hulle dat samewerking met die O.B. ook samewerking met die ander groepe soos o.a. die Afrikanerparty sal meebring en dat daar tog in elk geval 'n nuwe indeling van kabinetsposte gemaak sal moet word.

DRIE GROEPE

Op die oomblik is daar drie rigtings in die H.N.P.-koukus. Die meerderheid verlang samewerking met die Ossewabrandwag omdat hulle nie weet hoe hulle ooit aan bewind kan kom solank hulle die stemme van tienduiseende oortuigde Afrikaners versmaai nie. 'n Ander groep is ten gunste van die werwing van Engelse stemme in plek van die versmaaide O.E.-stemme. Dit bring mee dat die party hom moet reoriënteer ten opsigte van die Engelse en sy vyandskap teen die O.B. voortdurend moet beklemtoon. Soos mnr. J. G. Strydom en Dönges dan ook in die parlement gedoen het.

Die derde groep weier om met nog die O.B. nog die Engelse saam te werk. Hulle is bereid om nog 'n tydjie in die politieke woestyn te bly.

Sabotasie Op Britse Skepe



'n Groot aantal Britse skepe het in die afgelope weke aan brand geraak weens sabotasie. Daar is nog nie bekend of dit Duitsers of Kommuniste is wat daarvoor verantwoordelik is nie. Op die foto word die 16,000 tonse skip Empire Waveney gesien, besig om uit te brand. Die skade het £3 milj. beloop.

Indien u aan die adverteerders in ons blad noem dat u die advertensie gesien het weet hulle dat hulle deur u ondersteun word en adverteer dus weer. Noem die blad volgende keer.

Gedenk Hertzog

Vandag herdenk die Afrikanervolk die geboortedag van wyle genl. J. B. M. Hertzog.

Die sentrale herdenkingsplegtigheid speel af by die eensame graf van hierdie groot Afrikanerleier en historiese figuur.

'n Stille maar altyd kragtiger wekroep tot volwaardige volk-skap gaan van hierdie eensame graf uit na die verdeelde en verskeurde Afrikanervolk.

Daardie stille wekroep sal — moet — weerklink vind in troue Afrikanerharte!

Kerkvervolging In Oos-Europa

„Gedurende die afgelope jaar was die Griekse Katolieke in Roethenië aan 'n geweldige vervolging blootgestel. Al sewe biskoppe is in hegtenis geneem. Hierby moet nog gevoeg word dat baie priesters vervolgd is, in gevangenisse gewerp of gedeporteer is, terwyl baie ander weer vermoor is,” het kardinaal Griffin van Westminster verklaar toe hy na die vervolging van persone in Oos-Europa verwyys het in verband met die onlangse verklaring wat in Moskou uitgereik is waarin aangevoer is dat die Griekse Katolieke in Roethenië afgeskei het van die Katolieke Kerk.

„Die Kerk in Joego-Slawië is ook aan vervolging onderhewig. Biskoppe, priesters en nie-geestelikes is vervolgd en vermoor. In baie van die ander gebiede wat binne die Russiese gebied lê, is die priesters aan die tirannie van die geheime polisie onderworpe,” het hy gesê.

Laat Johan Hefer

u help om Blakende Gesondheid te geniet en 'n Mooi Geboude Liggaam met Reusekrag te ontwikkel.


Leerling A. S. Louw, jnr., van Oliviershoek, Natal, skryf: „Vandat ek u kursus neem het ek nog geen verkoue gehad nie en my hoofpyne het verdwyn. My borsmaat het met 6 dm. vermeerder, my bo-arm met 3 dm., my bo-bene met 5 dm. en my kuitte met 3 dm. Baie dankie vir u interessante kursus en raad.”

KURSUSSE VIR MANS VAN ENIGE OUDERDOM.
APARTE KURSUS IN GESONDHEID VIR DAMES.

SKRYF VANDAG OM NADERE BESONDERHED E.
JOHAN HEFER

Bus 3494 KAAPSTAD

Stuur my asseblief, sonder verpligting, volle besonderhede omtrent u kursus.
Naam (Mnr., Mev., Mej.).....
Adres



JOHAN HEFER

O.B. Beskuldig Van Oorlogsmisdade

Adv. Strydom se Woorde Volgens Hansard

Deur uit ander dele van sy toespraak aan te haal en die aandag sodoende van die strydpunt weg te trek soos 'n kiewietwyfie wat al verder van haar nes af platval, probeer die H.N.P.-pers 'n verdediging opwerp vir die beskuldigings van sy leiers in die parlement dat die O.B. hom aan oorlogsmisdade skuldig gemaak het en dus die voorwerp van 'n geregtelike ondersoek moet wees. Ons haal onderstaande gedeelte uit mnr. J. G. Strydom se toespraak volledig aan. Daaruit blyk dat hy sowel die O.B. beskuldig het van ondergrondse optrede as gepleit het vir 'n geregtelike kommissie om hierdie bedrywighede te ondersoek. Volgens Hansard No. 5, par. 2029—2030, het mnr. Strydom gesê (ons kursiveer):

„Die agb. lid vir Ermelo met sy floue, grappige manier, en die Minister van Justisie het hom later nagepraat, het hier weer die indruk wil wek asof ons bondgenote was van diegene wat sabotasie gepleeg het, asof ons daarmee te doen gehad het. Ek weet nie of hulle bedoel dat die Staat in gevaar was omdat 'n telegraaflyn hier deurgeknip is en 'n brug daar opgeblaas is nie, maar laat ek net sê wat die betrokke organisasie betref naamlik die Ossewabrandwag — ek meen my leier het dit die ander dag reeds gesê — dat ons onmiddellik nadat daar bewyse was dat die Ossewabrandwag 'n standpunt inneem wat ons nie kan goedkeur nie, ons geskeur het van die Ossewabrandwag, en ek wil weer daarop wys dat ons reeds in Oktober 1940 'n skriftelike ooreenkoms aangegaan het met die Ossewabrandwag, wat genoem is die Cra-dockse Ooreenkoms. Ek wil weer die artikel voorlees sodat daar 'n einde kan kom aan die kletspraatjies. Daar is ooreengekom oor sekere dinge en nadat die Ossewabrandwag in stryd daarmee gehandel het, het die skewing gekom, juis omdat ons ons aan wet en orde wou onderwerp. Onthou dit was in Oktober 1940 en die betrokke artikel lees so:


Dat die O.B. as organisasie geen ondermynende bedrywighede en geen gebruikmaking van geweld of van ondergrondse revolutionêre aktiwiteite beoog of duld nie, of om bevriende politieke partye of liggame in hul bedrywigheid te benadeel of op enige wyse te ondermyn nie.

Dit was nie 'n geheim nie, dit is wêreldkundig gemaak, maar dit was miskien net 'n geheim vir die onkundige mense aan

die anderkant. Hulle weet van niks. Ek wil nogmaals sê dat ons nie die minste vrees koester in verband met enige ondersoek wat mag ingestel word nie. Net dit: Ek stem saam met die agb. Minister van Justisie dat 'n Gekose Komitee bepaald ondoeltreffend is. As hulle 'n ondersoek instel, beteken dit niks. As hulle 'n ondersoek met instel na wat ons voel moet ondersoek word, sal 'n Gekose Komitee, as die Regering deur die polisie self dit nie kan doen nie, ook niks bereik nie. Dan is daar maar een manier en dit is 'n geregtelike kommissie.”

(Kyk ons hoofartikel).

Spioenkoppie



Genl. Louis Bootha

Op 23 Februarie en 2 Maart het die kommando F5A2 Vryheidsdag op Tarrentaal-kraal en Spioenkoppie onderskeidelik gevier. Komdt. J. C. Coetzee het op albei plekke opgetree as spreker. Oom Louis Bootha is ook nou in die kommando woonagtig, en ons wil hom baie hartlik welkom heet. — (Ingestuur).

£22 Per Maand Plus ... Vir Huisbediende

„Wat, vier pond per maand vir 'n bediende! Waarheen gaan dit? As jy reken dat sy haar slaapplek en alle etes vry het, het sy aan die end van die maand net soveel oor vir klere en sakgeld as menige fikster of winklerk wat vir £15 per maand werk en £10 aan losies moet betaal en nog verder per bus of trein na haar werk moet ry.”

Dit is woorde wat 'n mens dikwels in ons stede vandag kan opvang wanneer huisvroue aan die gesels is. Maar het u al gedink wat die toestande in ander lande is? Volgens 'n berig in die Amerikaanse tydskrif TIME blyk dit dat Negerbediendes in daardie land dit heelwat weelderiger het as blanke onderwyseresse in ons land — om ook nie te swyg van fiksters nie wat deesdae in die groot stede 'n paar keer dink voor hulle 'n betrekking teen £30 per maand aanvaar. 'n Skriftelike ooreenkoms

tussen 'n Amerikaanse huisvrou en haar swart bediende Lillie Add, lui as volg (in terme van Britse geld):

„Die kontrak kan met 'n week se kennisgewing opgesê word. Lillie Add ontvang £5 per week (ongeveer £22 per maand) as 'n basiese loon, die helfte meer vir alle werk meer as 60 uur (d.w.s. 'n werkdag van 8½ uur), 'n gemeubildeerde kamer, voedsame etes, gebruik van die telefoon, siekte-verlof, tyd vir kerk, uniforms, 'n week se vakansiebetaling”.

Opposisie Veroordeel Partypolitiek

Die opposisie-voormanne en -pers het verlede week rondborstig erken dat die partypolitiek ongeskik is as 'n regeringstelsel toe hulle genl. Smuts verwyf het omdat hy die Indië-wetgewing as party-maatreël ingedien het in plaas van as 'n volksmaatreël, soos genl. Hertzog met die Naturellewetgewing in 1936 gedoen het. Daar is beklemtoon dat so 'n ernstige vraagstuk soos hierdie op volksgrondslag en nie op 'n partygrondslag nie behandel moet word.

Dit hou natuurlik in dat minder dringende vraagstukke wel nog mee gespeel kan word deur die partypolitiek totdat hulle ook onhanteerbaar raak. Dan kan die volk ingryp.

Die Burger van 26 Maart skryf as volg in sy hoofartikel: „Juis niet die oog op die erns van die probleem en die eenstemmigheid by die meeste blankes in verband met 'n beleid teenoor die gekleurde rasse het ons die volste rede en reg

Atoomkrag Makgemaak?

Amerikaanse wetenskaplikes het 'n metode ontdek waardeur hulle plutonium so laat verander dat die atoomkrag wat vrygestel word vir vredestryd doeleindes aangewend kan word, na in die Amerikaanse senaat verklaar is. In hierdie vorm sal plutonium nie geskik wees vir bomme nie.

Twee senatore het verklaar dat hulle verneem het dat daar 'n metode gevind is waarvolgens dit moontlik gemaak is om plutonium so te bewerk dat dit nie 'n ontplofbare uitwerking sal hê nie. Die bewerking geskied in baie opsigte soos die vermindering van die skadelike uitwerking van alkohol.

gehad om te verwag dat, wanneer die Indiëvraagstuk vir behandeling op 'n breë basis aan die beurt sou kom, veldm. Smuts dit bo die partypolitiek sou verhef en dit as onderwerp vir kalme en vrugbare bespreking aan 'n konferensie van alle partye as verteenwoordigers van die hele bevolking sou toevertrou. 'n Goeie voorbeeld is hom nogal in verband met hierdie einste vraagstuk reeds veertien jaar gelede en wel deur die huidige Leier van die Opposisie gestel. In dié jaar het verteenwoordigers van veldm. Smuts se party op uitnodiging van dr. Malan, destyds Minister van Buitelandse Sake, aan 'n konferensie met verteenwoordigers van Indië oor die toekomst van die Kaapstadse Ooreenkoms deelgeneem en kon dr. Malan na afloop van die konferensie onder meer as volg aan die Volksraad rapporteer:

„VRIENDSKAPLIK”

„Die Asiatiese vraagstuk is volgens my mening veral een in verband waarmee die openbare belang die samewerking van elke deel van die gemeenskap eis in 'n atmosfeer van selfbeheersing en kalme be-

raadsling. Die pad wat ons tot dusver met sukses bewandel het, is ek van plan om verder te bewandel. Selfs op hierdie stadium wens ek derhalwe aan die Raad die versekering te gee dat . . . as die hele aangeleentheid in die lig van die verslag in hersiening geneem moet word, ek weer die verteenwoordigers van die Opposisie wat so vriendskaplik op die konferensie saamgewerk het, na ons beraadslagings sal uitnooi.”

Maar so maak veldm. Smuts nie. Intendeel. Hy het sy party in die koukus agter hom geregimenteer en hy dien nou 'n wetsontwerp met hoogs strydwekkende bepalinge as Sap-maatreël in met die dreigement dat dit sommer gou deurgedryf moet word . . .

„Dr. Malan het gister namens Suid-Afrika gepraat toe hy gepleit het dat hierdie saak uit die partypolitiek gehaal en soos die naturelle-wetgewing van 1936 vir deeglike ondersoek aan 'n gesamentlike komitee van albei Huise van die Parlement voorgelê moet word”.

MINDER BROOD

Die regering sal binnekort daartoe oorgaan om die besparing van brood verpligtend te maak. Daar heers oor die hele land 'n tekort aan brood en meel. In Johannesburg het honger naturelle gedurende die afgelope week verniet na brood gesoek. Al die bakhuise was leeg. Vanaf die begin van die week is die meelkwotas van die bakkers in die Unie met 25 persent verminder.

Die Kopersbond Beperk (Geregistreer onder die Maatskappywet 1926)

★ ★ ★

Hierdie is nie 'n prospektus nie maar 'n aankondiging dat ons nominale kapitaal nou verhoog is na

£ 1,000,000

★ ★ ★

KOPERSBOND bied aan:

1. Veiligheid vir u belegging.
2. Verspreiding van u belegging.
3. Goeie diwidende.

★ ★ ★

Met die verhoging van Kapitaal word 50,000 „B” aandele van £5 elk aangebied.

★ ★ ★

DIREKSIE:

DR. F. J. KRITZINGER
DR. J. H. PIENAAR
DR. F. F. BORCHARDT
J. N. B. SCHABORT
G. T. ROBERTSON

DR. C. J. S. STRYDOM
J. J. ACKERMANN
DR. H. J. LUTTIG
DR. F. D. DU TOIT-VAN ZYL


Skryf dadelik om prospektus aan:

DIE SEKRETARIS

Die Kopersbond Beperk
POSBUS 8363 JOHANNESBURG

BOERESEUNS PRESTEER AS SEEVAARDERS

Die Commodore, die eerste seilskip wat aan privaat eienaars in Suid-Afrika behoort, het onlangs sy eerste vrag vanuit Suid-Afrika in Argentinië aan wal gesit. Die skip het 'n waterverplasing van ongeveer 2,300 ton en het 37,000 vierkante voet seiloppervlakte. Een van die eienaars van die skip, mnr. Fanie Jacobsz, wat as derde offisier die reis meege maak het, het so pas in die Unie teruggekeer.



Mr. Fanie Jacobsz. Sy verwagtings is bewaarheid.

Die reis na Suid-Amerika was besonder geslaag, het mnr. Jacobsz in 'n onderhoud met Die O.B. verklaar. Hulle het dit ongelukkig getref dat hulle in die tyd van die jaar vertrek het wat daar nie baie wind is nie. Die reis wat onder gewone omstandighede nie langer as 'n maand sou duur nie, het as gevolg van die windstiltes 64 dae geduur. Hy het verklaar dat die reis getoon het dat die skip besonder seewaardig is en so maklik hanteer soos 'n jag. Die skip het ook getoon dat hy teen sterk wind bestand is toe stormagtige winde hom naby Amerika getref het.

Toe die skip in Buenos Aires aankom, kon hy sy vrag steenkool as gevolg van die staking van die dokwerkers nie aflaai nie. Daar word verwag dat hy op 8 April uit Buenos Aires na Suid-Afrika sal vertrek met 'n vrag kunsmis.

BOERESEUNS

Wat besonder treffend was, het mnr. Jacobsz verklaar is die wyse waarop die Afrikanerseuns hulle van hulle taak gekwyd het gedurende die reis.

In 1933 het mnr. Jacobsz 'n artikel geskryf waarin hy beweer het dat Afrikanerseuns bekwaame seelui sou uitmaak omdat hulle bekend is met die elemente, die moed en deursettingsvermoë het en van nature versierende is. In dieselfde artikel het hy beweer dat indien Engeland nie Natal van ons afgeneem het nie, ons ook tot 'n groot mate 'n seevarende volk sou gewees het. Hierdie reis, het hy gesê, het getoon dat sy beweringe nie uit die lug gegryp was nie, omdat die Afrikanerseuns onder die bemanning kop en skouers bo hulle makkers uitgestaan het wat bekwaamheid en ratsheid betref. Spanjaarde het met oop monde gestaan en kyk hoe hierdie seuns teen die 170 voet hoë mas uitklim. Hy is daarvan oortuig dat die skip 'n ideale opleidings- en oefenskip vir matrose en offisiere vir 'n Afrikaanse redery sal uitmaak. Hy is van plan om binnekort een te stig omdat hy voel dat daar 'n behoefte voor bestaan.

TROTS

Die bemanning van 26 kan byna almal Afrikaans praat en gedurende die reis het hulle 'n paar honderd Afrikaanse seeterme uit Noorweegs, Pools, Deens en ook Hollands geskep.

Hierdie terme is gereeld deur die bemanning gebruik. Woorde soos die „nok“ van 'n mas en die „bindsel“ van 'n tou is tot

die Afrikaanse seemanstaal toegevoeg.

Die reis het mnr. Jacobsz oortuig dat daar 'n groot toekoms vir 'n Afrikaanse redery is. Die seuns wat die skip se bemanning uitgemaak het, het 'n besondere trots ontwikkel. Hulle gedrag in die hawens waar die skip aangedoen het, was buitengewoon goed. Hulle het bewys dat hulle die naam van Afrikaners waardig is.

Ligstraal Gebruik As Telefoon

Duitse Uitvindings

Die Duitsers het gedurende die afgelope oorlog instrumente gebruik waarmee hulle deur middel van 'n onsigbare ligstraal met mekaar oor 'n afstand van agt tot nege myl 'n gesprek kon voer. Dit het aan die lig gekom toe Britse eenhede die Duitse oorlogsgeheime begin naspoor het.

Hierdie foto-telefonie is gedurende die stryd in die woestyn gebruik. Die infra-rooi strale wat onsigbaar is vir die oog, is opgevang deur toestelle wat werk op die beginsel van 'n gewone telefoon.


Hulle het verder beskik oor „swart soekligte“ wat bomwerpers in staat gestel het om hulle doelwitte in die nag te kan sien. Die strale is ook deur tenks gebruik. Die Britse ondersoekers het die strale in die donker op die proef gestel.

Toe die „swart soeklig“ in die donker aangeskakel is, was die saal nog donker, maar die punt waar die straal op gerig was, was heeltemal sigbaar deur die teleskoop.

Skerpskutters het draagbare toestelle van hierdie aard gebruik wat hulle in staat gestel het om hul doelpunte in die oog te kry.

Die ondersoekers maak melding van talle ander uitvindings op hierdie gebied wat nooit gebruik is nie.

VRYHEIDSDAG



'n Gedeelte van die spreekoor wat die Amajuba-kantate by geleentheid van Vryheidsdagviering te Maitland, Kaapstad, voorgedra het.

VIERING VAN VRYHEIDSDAG

Die Kommando's van Port Elizabeth en omgewing het vanjaar Vryheidsdag op een groot gesamentlike funksie gevier te Despatch, op Saterdag, 9 Maart.

Onder toesig van die Wag is die Dingaansfeesterrein doeltreffend ingerig vir die feesviering onder die skaduryke bome. Hoof-wagkomdt. P. C. Els, was vir die dag in bevel.

Reeds om 10-uur die oggend is die verrigtinge geopen met 'n vlagparade wat onder toesig van Jeugkomdt. H. Truter gestaan het. Seuns en dogters van die Boerejeug het dit puik en netjies uitgevoer.

Die Vroue-kommando's was verantwoordelik vir die verversing en soos altyd het hulle hul goed van hul taak gekwyd. Die mans het hulle besig gehou met skyfskiet, jukskei en vleisbraai.

Die middag is die byeenkoms toegesprek deur genl. J. de Vos, stafhoof van die Organisasie-hoofkwartier.


Die aandprogram is volgens die voorgeskryde prosedure

afgehandel. Ds. S. J. du Plessis, van die Geref. gemeente van Port Elizabeth, het die goddiens gelei, terwyl Hoofgenl. Dolf Fourie 'n kort woord tot die aanwesiges gerig het. 'n Doodse stilte het geheers met die verrigtinge en besonder indrukwekkend was die Vryheidsvuur wat hoog opgevlam het.

Die opkoms was oor die algemeen besonder goed. Gedurende die dag sowel as by die aandprogram was daar ongeveer 200 mense teenwoordig.

Die offisiere en brandwagte was baie ywerig en het uitstekende dienste gelewer, veral die vrouekommando's. Daar moet veral melding gemaak word van die Boerejeug wat hulle besonder knap gedra het. In hierdie verband kan die name van twee Boerejeugseuns genoem word, nl. Landman en Slabbert, wat hulle waarlik onderskei het deur hulle vlytige en offervaardige dienste.

Die opbrengs was £90, waarvan £20 die aandeel van die Boerejeug was.



WAARDE VIR GELD

A.V.B.O.B

Lykbesorgers, Grafsteenmakers
Begrafnisversekeraars

Bloemfontein — Pretoria
130 Takke

ROELOU BARRY

(EDMS.) BPK.

GARAGES EN HANDELAARS

Vir Diens te:

Robertson — Montagu
Ashton — Bonnievale

Koebergweg, Brooklyn
Kaapstad — Laingsburg

Paarl Monumentale- Werke

(EIEN.) BPK.

Posbus 220 — Bredastraat
PAARL (K.P.)

SKRYWE DIREK OM ONS NUUTSTE KATALOGUS

Direkteure:

L. A. B. Bohlman — M. Bohlman
Gevestig 1898

ALGEMENE HANDELAAR en

PRODUKTE-KOPER

S. J. KRYNAUW

vir

Kruideniersware teen
die billikste pryse.

Bestellings word opgeneem en
onmiddellik by u huis afgelewer.
H/v. Garcia- en Nuwestraat.
Foon 68 Bus 54
BEAUFORT-WES.

Ons Gee Nog Steeds Leiding!

S.A. GRAFSTEEN- EN MONUMENTWERKE

(EIENS.) BPK.

Voortrekkerweg, MATLAND.

Sien advertensie onder Doodberigte.

VAKANSIEPLAAS

VAKANSIE. — Vir genotvolle vakansie, kos volop, ruim kamers, die paradys vir verliefdes, die rusoord vir vermoeders. Billike terme. — Mev. A. BADENHORST, Vergenoegd, Riversdal.

G. A. FICHARDT, Bpk.

(Lid Afrikaanse Handelsinstituut)

MASJINERIE, YSTERWARE,
PRODUKTEHANDELAARS

Foon 700 Opgerig 1848

BLOEMFONTEIN

Rentekoerse

Benewens die hoogstaande bankdienste waarvoor VOLKSKAS bekend is, bied die Bank ook die volgende rentes op die vermelde deposito's aan:

2½%

per jaar op VASTE DEPOSITO
vir 2 jaar

2%

per jaar op VASTE DEPOSITO
vir 1 jaar

2%

per jaar op SPAARREKENING

3%

per jaar op BELEGGINGSER-
TIFIKATE (opvorderbaar met
drie maande kennisgewing)

Enige tak van die Bank sal met genoeë verdere besonderhede betreffende hierdie fasiliteite verstrek.

VOLKSKAS BEPERK

GEMAGTIGDE KAPITAAL £1,000,000
INGESKREWE KAPITAAL £1,000,000
GESTORTE KAPITAAL £ 781,787



BANKIERS

HOOFKANTOOR:
PRETORIA

DIE O.B., WOENSDAG, 3 APRIL 1946.

'N SWAK VERWEER

Die Burger van 28 Maart doen 'n baie skerp aanval op dr. Van Rensburg omdat hy die aandag van die volk gevestig het op die rol wat mnr. J. G. Strydom as aanklaer teen die Ossewabrandwag gespeel het toe die voorstel insake ondersoek na Suid-Afrikaanse oorlogsmisdadigers in die parlement onder bespreking was. Die blad beskuldig dr. Van Rensburg dat hy van Moskou se metodes gebruik maak. Aan hierdie sterk taal is ons al gewoond — nie lank gelede nie het dieselfde blad dr. Van Rensburg van „Suid-Afrikaanse metodes” beskuldig omdat hy georganiseerde afweergroepe teen die kommunistiese gevaar bepleit het, maar net om 'n paar maande later te berig dat sy eie partye oorgegaan het tot die stigting van „strydgroepe” vir dieselfde doel.

Die blad wil mnr. Strydom verdedig deur 'n paar skynbaar onskuldige sinne uit die eerste deel van sy toespraak aan te haal. Hy laat egter na om die deel aan te haal waarteen ons beswaar het. Watter soort metode sal 'n mens dit noem? Ek maak beswaar by die kleremaker teen die baadjie en hy neem my kwalik omdat daar tog niks teen die broek in te bring is nie! Dit lyk meer na Valkenberg-metodes.

Mnr. Strydom het wel, soos Die Burger aanhaal, aan die begin van sy toespraak gesê dat dit die regering se saak is of hy die bedrywighede van ander organisasies wil laat ondersoek — wie se saak sal dit dan ook anders wees? Maar sy hefe betoog het daarop neergekom om te beduie dat die Ossewabrandwag die skuldige is en dat die H.N.P. onskuldig is omdat hy dan juis van die O.B. weggebreek het toe dié teen die Empire en sy oorlog begin moeilikheid maak het.

WOU VERDER GAAN

Ons verwys ons lesers na 'n volledige aanhaling uit daardie gewraakte deel van die toespraak elders in hierdie uitgawe. Daaruit blyk dat mnr. Strydom met kapittel en vers probeer verduidelik het dat die Ossewabrandwag hom aan „ondergrondse en revolusionêre aktiwiteite” skuldig gemaak het en dat die H.N.P.-leiding juis daarom van hom weggebreek het. Daarop het mnr. Strydom uitdruklik beklemtoon dat hy 'n „Gekose Komitee” nie as geskik beskou vir so 'n ondersoek nie, maar dat daar 'n geregtelike kommissie aangestel moet word. Mnr. Strydom wou dus selfs verder gaan as mnr. Marwick, want 'n gekose komitee van die parlement is 'n politieke instrument wat 'n saak vanuit 'n politieke oogpunt benader. Sy ondersoek „beteken niks” — in die woorde van mnr. Strydom self. 'n Geregtelike kommissie daarenteen gaan op die meriete van 'n saak in soos 'n hof en bring 'n geregtelike bevinding uit. Dit is eerder 'n instrument van die gereg.

Die belangrike van die saak is egter dat 'n mens hier 'n groepie Afrikanerleiers het wat toe hulle skeuring onder die volk wou maak ten einde die oorwinningsbuit onder 'n partyklik te verdeel, die O.B.-leiding beskuldig het dat hy met die Empire skakel, maar nou dat hulle propaganda by die Engelse kiesers moet maak en die O.B. terselfdertyd nog 'n finale nekslag kan toedien deur die moontlike likwidering van sy leiers as oorlogsmisdadigers, skroom dieselfde manne nie om nou weer te beduie dat die O.B. teen die Empire revolusie wou stig en dat dit juis daarom is dat hulle hom geskeur het — nie omdat hy met Smuts geskakel het, soos hulle eers aan die volk gesê het nie.

Hulle Erken Dit

Die Indiërmaatreef wat genl. Smuts tans besig is om deur die parlement te loods, moet natuurlik as 'n lapmaatreef van die partypolitiek beskou word. Dit was uit die staanspoor bedoel as 'n kompromis veral met die oog op die Verenigde Party se samestelling. Dit moes, voordat dit vanuit 'n landsoogpunt benader is, eers getoets word aan die vereistes van partyeenheid. Die Transvaalse lede van die party moes tevrede gestel word sowel as die liberaliste soos min. Hofmeyr.

Van 'n partypolitieke bewind kan natuurlik niks anders as lapmiddels verwag word nie, en vir ons doel kan ons volstaan deur te beklemtoon dat die hele kleurvraagstuk op 'n deurtastende dog regverdige grondslag aangepak moet word. Maar dit sal eers kan gebeur wanneer ons 'n ware volksregering het wat in 'n gees van samewerking die kragte sal verenig om Suid-Afrika se groot vraagstukke aan te pak. Tot tyd en wyl daardie regering sy verskynning maak, wanhoopt ons aan die oplossing van groot vraagstukke.

SE OOK SO

Dit is egter baie belangwekkend dat die opposisie presies hierdie standpunt van die O.B. onderskryf in hul kritiek op die maatreef. Sowel dr. Malan as sy pers het beklemtoon dat groot vraagstukke soos hierdie buite die partypolitiek gehou moet word. Daar is gepleit vir 'n „kalme en vrugbare bespreking” daarvan deur 'n konferensie van alle partye.

Hiermee erken die leiers van die opposisie dat die partypolitiek nie by magte is om 'n vraagstuk kalm en vrugbaar te benader nie. M.a.w. dat hierdie stelsel van regering hopeloos tekort skiet wanneer dit kom by groot vraagstukke. Dit is dan ook daarom dat ons koalisieregerings kry wanneer 'n oorlog uitbreek soos in Engeland tydens die afgelope oorlog, of wanneer die ekonomiese toestand van die volk dit vereis soos in 1932 in Suid-Afrika.

(Vervolg in volgende kol.)

Die Gewapende Vrede

DEUR PROF. DR. J. A. WIID.

Gedurende die oorlogsjare het die Angelsaksiese propaganda ons tot vervelens toe getraakteer op heerlike vredesbeloftes as die bese Duitsland nou maar eenmaal vernietigend verslaan is. Diegene van ons wat dit gewaag het om skepties teenoor hierdie propaganda te staan en om die heiligheid van die verbond tussen die kapitalistiese Angel-Saksers en die Bolsjewistiese Russe te betwyfel, is as verkapte Nazi's of Duitse Sappe uitgekryt. Die Rusland tog wat in oorlog met Duitsland gestaan het, was nie langer die gevaarlike Bolsjewistiese Rusland van vroeër nie. Vandag egter, en nog voor die lastige vrede met die vyande van gister gesluit is, word daar in Washington en Londen gansejaar 'n ander taal gepraat.

'N AMERIKAANSE STEM

Daar word berig dat die voormalige Amerikaanse gesant in Bulgarye, George Earle, enige dae gelede Rusland beskryf het as „die grootste gevaar wat Amerika nog ooit bedreig het en dat 'n ultimatum aan Rusland gestuur moet word om na sy eie gebied terug te keer.” Indien die Russe weier sou hierdie Amerikaner die atoombom teen hulle gebruik „solank ons dit nog het en voordat hulle dit in die hande kry.” „Ek gaan die onmiddellike toekoms daaraan wy,” aldus George Earle, „om Amerika te laat beseef watter groot bedreiging Rusland vir ons is.” Volgens hom „sus Amerikaanse staatsmanne die Amerikaanse publiek tot 'n valse gevoel van veiligheid.”

MOSTERD NA DIE MAAL?

Vir baie mense sal hierdie wetroep van George Earle, wat in Bulgarye volop geleentheid gehad het om met Russiese bedrywighede kennis te maak, herinner aan mosterd na die maal. Hulle sal terugdink aan die natuurlike Duitse bolwerk teen Bolsjewisme en Russiese imperialisme, 'n bolwerk wat die Angel-Saksers gehelp het om te vernietig; hulle sal terugdink aan die reusagtige hoeveelhede oorlogstuig en allerhande hulpmiddels wat veral Amerikaanse arbeid, kapitaal en bloed aan die Russiese bondgenoot verstrekte, oorlogstuig wat miskien nog teen Angel-Saksiese jong manne gebruik sal word.

As Earle egter beweer dat Amerikaanse staatsmanne die Amerikaanse publiek tot 'n valse gevoel van veiligheid sus, dan oordryf hy waarskynlik. Die publisiteit wat Russiese spioenasie, belofteverbreking,

(Vervolg van vorige kol.)

Maar as hierdie stelsel nie in staat is om groot vraagstukke op te los nie, watter nut steek daarin om daarmee voort te boer en Bewegings te beveg wat hulle vir 'n beter stelsel beywer? Dit hou egter nie in dat hierdie stelsel nou wel by magte is om kleinere vraagstukke op te los nie. Nee, die politici kla wanneer dit by groot vraagstukke kom net omdat hul onmag soveel groter afsteek by groot vraagstukke, terwyl dit in die geval van geringer vraagstukke minder in die ooglopend is.

Die werklike feit is dat die partystelsel geen vraagstuk kan oplos nie. Dit verknoei alles, en vraagstukke wat vandag klein is, word more groot omdat hulle nie klein doodgemaak word nie. Eers wanneer hulle onhanteerbaar geword het as gevolg van partypolitieke onmag, skrik die politici en neem hulle hul toe-vlug tot die volk.

(Alle politieke berigte en kommentaar in hierdie uitgawe is opgestel deur N. G. S. van der Walt, Groote Kerkgebou 703, Kaapstad.)

'N PAAR VERGELYKINGS

Astronomiese getalle word so dikwels aan die V.S.A. gekoppel dat hulle doodgewoon en vanselfsprekend geword het en vir baie mense min betekenis besit. Deur middel van 'n paar vergelykings sal die reusagtigheid van die Amerikaanse vredesbewapening egter duideliker word:—

Die voorgestelde Amerikaanse oorlogsvloot van 1,079 skepe sal ander-half maal so groot wees as die gesamentlike oorlogsvloote van Brittanje, Rusland, Frankryk en Italië.

Die geldelike bedrag wat alleen die Amerikaanse oorlogsvloot jaarliks wil uitgee, staan gelyk met die gemiddelde begroting van 'n Coolidge of 'n Hoover ongeveer 'n twintig jaar en korter gelede.

Die tien biljoen dollars wat die staande strydmagte van die V.S.A. in een vredesjaar wil uitgee, staan gelyk aan die hele federale begroting uit die tyd toe Roosevelt se „New Deal” op sy spandabelrigste was. En al hierdie biljoene vir oorlog terwyl die weeropbouwerk van die vrede dit so broodnodig het.

Dit is onwaarskynlik dat die Amerikaanse Kongres die voorstelle van sy militêre deskundiges as geheel sal aanvaar. Dat hierdie voorstelle egter gedoen is, spreek boekdele. Hulle spreek 'n taal wat Moskou nie kan misverstaan nie. As daar Amerikaners is wat in die huidige Rusland die grootste gevaar sien wat Amerika ooit bedreig het, dan sal daar ook baie Russe wees wat in die huidige V.S.A. met sy atoombomme en sy gewapende vrede die grootste gevaar sien wat Rusland nog ooit bedreig het.

Op die oomblik staan hierdie *gewapende vrede* in Amerika en Rusland in soverre dit op eie bewapening betrekking het, nog bekend as *selfverdediging*. Tusssen verdediging en aanval is die grenslyn egter heel onseker. Volgens sommige mense trouens is *aanval* die beste vorm van *verdediging*. Op die oomblik heet die kindjie wat uit die Angel-Saksiese-Russiese bondgenootskap gebore is, nog *selfverdediging* of *gewapende vrede*. Alleen 'n wonderwerk kan dit voorkom dat die kindjie eendag die naam van *Derde Wêreldoorlog* sal dra en as dit sy naam gaan wees, dan is die bondgenootskap waaruit hy gebore is voorwaar 'n *onheilige verbond*.

MEUBELS

PRYSE STYG VINNIG

KOOP NOU!

Ons hou alleenlik goeie kwaliteit Meubels in voorraad

Werda
Meubelhandelaars,
(EIENDOMS) BEPERK
Groote Kerkgebou — Kaapstad

AANDAG

As u die Volksbeweging se gedagtes wil help versprei, moet u ook u vriende op „Die O.B.”, amptelike weekblad van die Ossewabrandwag, laat inteken.

Vul asseblief hieronder die name en adresse in van belangstellende vriende wat moontlik op die blad sal inteken, en stuur dit aan POSBUS 1411, KAAPSTAD.

NAAM:

ADRES:

NAAM:

ADRES:

Uit Die Week se Nuus

SPAANS-FRANSE GRENS TYDELIK HEROPEN: Die grens tussen Spanje en Frankryk is gedeeltelik vir 'n maand heropen ten einde Franse en Spanjaarde wat visums van voor 1 Maart besit, in staat te stel om na hulle woonplekke terug te keer. Die verbrekking van die goedereverkeer tussen hierdie twee lande duur egter nog voort. Die Franse minister van buitelandse sake het die derde nota in die afgelope paar weke oor Spanje aan die Britse ambassadeur in Frankryk oorgehandig. Die Russiese regering is van die inhoud van die nota verwittig. Die nota eis dat daar ekonomiese sanksies op Spanje toegepas moet word. Daar word veral klem gelê dat die petroltoevoer van Spanje geheel en al afgesny moet word.

IMMIGRASIE VAN KINDERS: Die regering het in beginsel die plan dat met die invoer van kinders van oor see 'n aanvang gemaak kan word, goedgekeur. Die kinders sal afkomstig wees van Engeland en van Europese lande wat onder Geallieerde beheer staan. Daar word verneem dat die lugmagkamp by George as ontvangsdépôt vir die kinders ingerig sal word.

BEHEER OOR BANDE: Die beheer oor bande sal binne twee maande of op die uiterste drie maande opgehef word, het mnr. Holland, distrikskontroleur van rubber in die Skiereiland, verklaar. Al wat die opheffing van die beheer nog vertraag is die doeltreffende verspreiding van die bande oor die land wat 'n paar maande sal duur. Daar is op die oomblik genoeg bande en rubber om die opheffing van die beheer oor rubber onmiddellik moontlik te maak.

BOMME IN JAVA: Die Indoniese vryheidstryd het weer in die afgelope week ontbrand. Brande het ontstaan in die suidelike deel van Bandoeng. Die stad is beskryf as 'n vlammezee wat die toeskouers herinner aan die Duitse lugaanvalle op Londen gedurende 1940. Daar is aanduiding dat die Indonesiërs rojal van petrol en ploffstowwe gebruik gemaak het. Telefoonsentrales, spoorweggeboue en ander openbare geboue is in puin gelê.

Politieke Slagoffers van 'n Partybewind



OOM CARL SCHULZE.

Gevang 7 Januarie 1942. Aangehou vir 15 maande. Na terugtrekking van hoogverraadsaak, is hy geïnterneer te Koffiefontein op 31 Maart 1943. Op 1 Februarie 1945 op parool uit. Die parool is opgehef op 1 Desember 1945.

„Ek sal my mede-Afrikaner help en beskerm, hom nooit in die stryd verlaat of aan die vreemdeling of vyand uitlewer nie”.

INDIËR-WETGEWING: Die Indiër-wetsontwerp wat deur veldm. Smuts in die parlement ingedien is, was die afgelope week onder bespreking. Die Indiër-bevolking in die land gaan voort om te organiseer teen die voorgename wetgewing.

BLOEMFONTEIN VIER EUEFEES: Bloemfontein was gedurende die afgelope week honderd jaar oud. Die gebeurtenis is feestelik herdenk deur die inwoners van die stad. Voortrekkers het die Euefeesvlam vanaf Pretoria na Bloemfontein gedra. Die grootste koor wat nog in die land opgetree het, is by die geleentheid gelei deur mnr. P. J. Lemmer.

EIERPRYSE VERHOOG: Die pryskontroleur het aangekondig dat die prys van eiers met 7d. verhoog is. Dit beteken dat 'n dosyn eerstegraadse eiers tans 4s. 2d. kos.

MIELIES SE PRYS. — Die regering het op aanbeveling van die Mielieraad besluit om die produsente-prys van mielies in die komende seisoen op 22s. 6d. vas te stel. Dit beteken dat produsente nou 3s. 6d. meer sal kry as voorheen. Die prys van mielies sal vir die verbruiker met 1s. vermeerder word.

Volgens die amptelike skatting wat gegrond is op die heersende toestande aan die einde van Februarie sal die oes vir hierdie jaar op 16,800,000 sakke te staan kom. Maar met die oog op die ryp wat vroeg mag val en die heersende droogte is die skatting volgens die jongste inligting ongeveer 14,000,000 sak.

Te Laat

Nadat die inwoners van Tervlei en omliggende dele vir maande aaneen die regering versoek het om die Elsie-rivier te kanaliseer na die groot oorstromings verlede jaar, het die regering uiteindelik besluit om £20,000 aan hierdie skema te bestee. Dit is egter nou te laat om van enige waarde vir hierdie winter te wees omdat die reënseisoen reeds op hande is. Elke jaar gedurende die reënseisoen oorstroom hierdie rivier wat maar baie vlak is, sy walle en moet die inwoners van hierdie dele uit hulle huise vlug.

Die regering het genoeg tyd gehad om betyds aandag aan die saak te gee, maar met sy demokratiese gesloer het hy nou eers sover gekom. Hierdie winter sal die inwoners van Tervlei maar weer hulle huise moet verlaat as die rivier oor sy walle stroom.

„In Alle Lande”

„Strewe kommunisme na uitbreiding? Ja, natuurlik,” skryf die Guardian, Kommunistiese orgaan in Suid-Afrika, en vervolg:

„In elke land beywer kommunistiese partye hulle vir meer lede, vir verbreding van hul idees, vir verowering van posisies in die parlement en stadsrade. Oral is dit hul doel om die mag in hande te kry. Hulle sien vooruit na die daarstelling van kommunistiese regerings in soveel lande as moontlik, en ten slotte beoog hulle die uitbreiding van kommunisme tot die hele wêreld”.

Ondersteun ons adverteerders en hulle sal weer in „Die O.B.” adverteer.

OFFISIERSRAAD GEBIED A

Die Gebiedsraad van Wes-Kaapland het verlede Saterdag in Kaapstad vergader om hul taak onder die nuwe reorganisasie te aanvaar. Die Kommandant-generaal, dr. J. F. J. van Rensburg, en die Adjunk-K.G., generaal J. A. Smith, het die vergadering bygewoon.

Die Gebiedsleier, dr. F. D. du Toit van Zyl, en die Gebiedshoofvrou, genl. dr. Erica Theron, het verslag gegee van hul werksaamhede gedurende die afgelope jaar.

In sy verslag het waggeneeraal Moorrees van Aarde die belangrike taak van die O.B.-Wag beklemtoon omdat uit hulle die toekomstige offisiere van die Beweging voortgebring word. Hulle is die gedissiplineerde kerngroep van die Ossewabrandwag.

Uit die finansiële verslag wat deur kommandant S. Kamfer voorgelê is, het dit geblyk dat die finansies van die gebied in 'n gesonde toestand verkeer.

Komdt. W. R. Laubscher, voorligtingsoffisier, het die belangrikheid van die voorligting aan Brandwagte beklemtoon.

Die Adjunk-K.G. het die nuwe organisasie aan die offisiere verduidelik en die vooruitgang wat daar reeds met Perskor gemaak is behandel. Ook die K.G. het die offisiere toegesprek en hulle gewys op moontlike ontwikkelinge in die toekoms.

Genl. Van Zyl en genl. Theron is eenparig herbenoem as Gebiedsleier en Gebiedshoofvrou van Gebied A. Die benoeming is bekragtig deur die K.G. en Adjunk-K.G.

Behalwe die Gebiedsleier en Gebiedshoofvrou, is genl. dr. S. J. Pretorius en hoofkomdt. S. S. Voigt benoem as lede van die Uitvoerende Komitee.

H.genl. Dirk Eloff, mev. dr. J. S. du Toit, die gewese Gebiedshoofvrou, en mev. J. H. Conradie, is gekoöpteer tot lede van die Gebiedsraad. Hoofgenl. Jurgens Schoeman is benoem as derde lid van die Groot Raad vir hierdie gebied.



BESIT U AL AANDELE IN PERSKOR?

Gebied B en D Se Leiers

Op die onlangse vergadering van die Gebiedsraad van Oos-Kaapland (Gebied B) wat op Cradock gehou is, is as gebiedsleier benoem genl. P. J. L. Botha van Somerset-Oos en tot hoofvrou mev. Max Michau van Cradock. Albei benoemings is bekragtig.

Daar was geen verandering van die hoofgeneraals nie.

Behalwe die Gebiedsleier en die Hoofvrou is hoofkomdt. M. G. Swart van Humansdorp en wagenl. G. F. C. Swart van Somerset-Oos benoem tot lede van die Uitvoerende Komitee van die Gebiedsraad.

Tot Gebiedsleier van Natal is benoem genl. B. C. Pienaar van Utrecht, en tot Hoofvrou mev. O. L. Nel van Greytown. Gekoöpteer tot Gebiedsraad van Natal is oud-genl. O. L. Nel en mnr. Frans Wessels van Helpmekaar.

Die Uitvoerende Komitee van Natal (Gebied D) bestaan behalwe die Gebiedsleier en die Hoofvrou, uit generaals E. B. Cadle en W. van Rooyen.

Roossenekal

'n Goedgeslaagde O.B.-funksie is op 16 Maart te Roossenekal gehou. Weens ongunstige weersomstandighede was die opkoms nie so goed as wat verwag was nie. Dit was ook die rede waarom sommige van ons sprekers ook nie teenwoordig kon wees nie.

Ons was egter dankbaar om ons hoofkommandant in ons midde te hê, wat deur reën en water nie gekeer kon word nie en 'n besielende toespraak gehou het. By hierdie geleentheid is ook heerlike verversings deur die dames te koop aangebied, ten einde ons fondse te sterk. — (Ingestuur).

400,000 Staak In V.S.A.

400,000 werkers in die Amerikaanse steenkoolbedryf het eergister begin staak om loonsverhoging.

Verwag word dat dit 'n lang en durabele staking sal wees, wat die Amerikaanse staal-, motor- en elektriese nywerhede nog verder gaan lamle na die onlangse staalstaking.

RUS VERLOOR EN STAP UIT

Die Russiese verteenwoordiger Gromiko, het verlede week uitgestap uit die Veiligheidsraad nadat hy 'n nederlaag gely het in verband met die Persiese (Iraniese) vraagstuk. Rusland het alles in sy vermoë gedoen om die bespreking van die geskil uit te stel. Hy het aangevoer dat Rusland en Persië tot 'n ooreenkoms geraak het, maar dit is deur die Persiese verteenwoordiger ontken. Toe die raad, met slegs Rusland en Pole in die minderheid, besluit het tot bespreking van die saak, het Gromiko uitgestap, en Persië het sy saak in afwesigheid van die Russiese verteenwoordiger voorgelê.

Daar is besluit dat die sekretaris-generaal die Russiese en Persiese regerings om inligting moet vra. Intussen het die raad verdaag tot vandag.

Adverteerders sal alleen in „Die O.B.” adverteer as die blad as advertensiemedium hoog aangeskrywe staan. U kan help deur aan firmas te noem dat u hulle advertensie gesien het in „Die O.B.”

President Motors

BEPERK

vra:

Kies Vandag !!

of Moontlike Kapitaal-Appresiasie deur Gewone Aandele
of Gewaarborgde 5 pst. Diwidend deur Preferente Aandele

300,000 Gewone Aandele, 5/- elk	£75,000
25,000 Akkumulatiewe Preferente, £1 elk	25,000
Huidige Geoutoriseerde Kapitaal	100,000
Reeds Uitgegee 46,000 Gewone	11,500

Geen

KONTROLE !!!

SPEZIALE STEMREGTE !!!

Agente vir General Motors — CHEVROLET, BUICK, ons., te Bloemhof en Schweizer-Reneke. Ander dorpe volg binnekort. — Gespesialiseerde Tweedehandse Handel in Johannesburg.

Direksie: Dr. Phil J. Botma, Best. Dir.; Ben. J. Pienaar, Voors.; Ryk Nagel en Adv. D. F. du Toit.

Doen aansoek by:

DIE SEKRETARIS — Bus 7638 — JOHANNESBURG.

Die geleentheid waarop u Gewag het

LYCEUM KOLLEGE

Die Korrespondensie-Kollege waarop U al lankal gewag het: Die Kollege wat inderdaad diens lewer, teen die allerbillikste fooi.

Deeglike dog beknopte eksamenkursusse teen die LAAGSTE LESGELDE. Die dosente wat vir die kursusse verantwoordelik is, is onderwysers en gegradueerdes met jarelange ondervinding.

Laat die Lyceum Kollege — die Huisuniversiteit — u voorberei vir u lewenstaak met behulp van sy kursusse wat u sukses verseker, o.m. Stds. VI, VII, VIII (N.J.S.) en X (N.S.S.), Matrikulasie, Nasionale Handelsdiploma, Diploma in Landbou, Laer Diploma in die Bantoeistiek, Bantoeiale, Joernalistiek in die Skrywe van Kortverhale, Wetseksamens, Naturelletwet- en -Administrasie, Boekhou, Sekretariskursusse, „Ken u Motorkar” (Motorwerk-tuigkunde vir die leek), Engels vir Beginners, Besigheidsmetodes en Handel, Snel- en Tikskrif, Taalbond.

'N UITNODIGING AAN U.

Ons nooi u uit om aan ons te skryf. U sal nie spyt wees nie.

KNIP HIERDIE KOEPON UIT EN POS DIT NOU.

(Skryf in drukletters, potlood sal deug).

NAAM
ADRES
.....
Kwalifikasies (Standaard geslaag)
Kursus waarin u belang stel

Lyceum Kollege — Die Huisuniversiteit
Posbus 5482 JOHANNESBURG

Lees Hier!!

„Die O.B.” se geklassifiseerde kolomme geniet al meer aandag en tevrede adverteerders oor die hele land verwittig die advertensie-bestuurder gedurig van die uitstekende reaksies wat hulle op hul geklassifiseerde advertensies kry. Brandwagte, „Die O.B.” is reeds die nuusblad van die nuwe tyd vir u geklassifiseerde advertensies. Probeer een keer en oortuig uself. U bereik tienduizende lesers oor die lengte en breedte van Suid-Afrika.

TARIEF VIR GEKLASSIFIEERDE ADVERTENSIES.

Huishoudelike Kennisgewings:

(Verloving, huwelik, geboorte, sterfgeval, in memoriam, gelukwensing, ens.) 2d. per woord; minimum 4/- per plasing. Vooruitbetaalbaar. Vir herhalings 25% afslag.

Handelsadvertensies:

Enkele plasinge (vooruitbetaalbaar): 3d. per woord, minimum 6/- per plasing. Vir 2 tot 26 agtereenvolgende plasinge: 2½d. per woord, minimum 5/- per plasing. Vir 27 tot 52 agtereenvolgende plasinge: 2d. per woord, minimum 4/- per plasing.

Intekengeld op „Die O.B.” (verskyn weekliks): 10/- per jaar of 5/- vir 6 maande. Vooruitbetaalbaar.

Stuur advertensiebestellings en tekenings aan:

VOORSLAG (EDMS.) BPK.,
Postbus 1411, Kaapstad.

GEBOORTE

BURGER. — Aan mr. en mev. A. J. Burger, 'n fris O.B.-seun op 21 Januarie 1946. Ons dank aan Heer vir beide sy gesondheid.

KEMPEN. — Aan Hendrik en Talana (geb. Malan) 'n seun op 25 deser, in die Delherbe Verpleeginstelling. Ons innigste dank aan Gewer, dokter en verpleegsters.

STEENKAMP. — Aan Lambert (Oom Lammie) en Debora, Brakpan, Coligny, 'n flukse Boeredogter. Ons dank aan die Gewer.

VERLOWING

CLOETE-WESELS. — Anna, tans van Bloemfontein, en Jan, van Vryburg, wens hiermee aan familie, vriende (inne) bekend te maak dat hulle op 20 Maart verloof geraak het.

HUWELIKE

DAVEL-MARITZ. — Kitty en Tobie trou D.V. 6 April, 11 uur v.m. in huis van bruid se ouers. Geen kaartjies. Geen resepsie. Telegramme: Kafferstad.

MOOLENBEEK — NOTHLING. — Brandwagte word uitgenooi om die huweliksbevestiging te woon van Marié Notthling en Gerhardus Moolenbek (komdt.) van Pretoria, in die Ned. Herv. of Geref. Kerk, Bosmanstraat, Pretoria, op Saterdag, 20 April 1946 om 4 uur a.m.

DOODBERIG

WAGENER. — Sag van ons weggegaan op 15 Maart, ons Vader en Oupa, C. C. P. Wagener. „Die dood slaan wonde, wat niemand kan heel nie, Herinnerings is skatte, wat niemand kan steel.” — Die bedroefde Goosenkinders en -kleinkinders. Ceres.

GRAFSTEEN-WERKE

Grafstene, Monumente en Randmure opgerig enige plek in die Unie. Raadpleeg ons vir 'n besonder billike kwotasie.

S.A. GRAFSTEEN- EN MONUMENTWERKE (KIENS.) BEPERK. (Jannie Cillie, Besturende Direkteur). VOORTREKKERWEG — MAITLAND. Fone 5-4420 en 5-2823 — Posbus 2.

IN MEMORIAM

GERSTNER. — Net 'n kranse van die O.B.-Kommando op die graf van Theunis Gerstner. Hy was 'n pligsgetroue offisier, asook 'n vurige wag. Daar was nooit 'n opoffering te groot vir veldkornet Gerstner nie. Sy hart het reg geklop vir sy Volk en Vaderland. — Komdt. Pierre Rocher, La Rochelle, Veldrif.

GERSTNER. — Dit het die Heer behaag om so onverwags van ons te neem ons geliefde broer en oom, Theunis, op Saterdag, 23 Maart, in die ouderdom van 51 jaar. — Helie Rocher, Antoinette en Ryk.

DANKBETUIGING

SLABBERT. — Mev. A. P. Slabbert en gesin van Ceres, wens alle vriende en belangstellendes hartlik te bedank vir hulle hulp en deelneming by geleentheid van die afsterwe en begrafnis van ons geliefde Egenoot en Pappie.

PERSONOLIK

BLIJ JONK.—GRYSHAARWONDER. Die nuutste wêreld wonder teen grysheid waarborg herstel van gryshare vir goed tot natuurlike kleur. 5/- per bottel posvry. Geld met bestelling. — Skryf: BOEREGENESMIDDELS, Posbus 4272, JOHANNESBURG.

GRYSHAAR. Tot natuurlike kleur herstel of geld terug. 5/6 per bottel, posvry. Geld met bestelling. Kruiebehandelings vir alle siektes verkrygbaar. — „DIE BOEREVROU,” Bus 7559, JOHANNESBURG.

ELEKTRIESE WARE

vir alle ELEKTRIESE INSTALLASIES en BENODIGDEHEDE raadpleeg J. A. WOLFAARDT, Hoofstraat 410, PAARL. Foon 351.

GELUKWENSING

GIDEON KOTZE. Sentrale Gevangenis, Pretoria. — Baie geluk met jou verjaardag op 7 April. Mag God jou die krag gee om altyd 'n troue Afrikaanseun te bly. Moeder, Suster en Broer.

BETREKKING VAKANT

BETREKKING GEVRA. — Jong man in besit van Matrikulasie-sertifikaat soek klerikale betrekking by Afrikaanse saak. Geen vorige ondervinding. Kan dadelik begin. — Antwoord na: „ADVERTEERDER,” Alfredstraat 3, OBSERVATORY.

BENODIG

HUISHOUDSTER. — Algemene hulp nodig terwyl huishoudster met vakansie is gedurende Mei-maand. Salaris 15 per maand. Skryf dadelik en meld ouderdom en ondervinding aan: VAN ZYL, Tullyallenweg, RONDEBOSCH.

RADIO

LOUW EN LOUW. die Beroemde Radio-Ingenieurs, Stasieweg, PAROW, verkoop en herstel Radio's en Elektriese Toestelle. Geregistreerde Elektrisiteits-aannemers. Foon 9-8435.

ALGEMEEN

SKOENE EN SKOENREPARASIES. — Probeer C. SAAYMAN vir Doppler Velskoene en ALLE Skoenreparasies. Die modernste masjinerie pas geïnstalleer. — Adderleystraat 99, OUDTSHOORN.

Wil u op aangename en produktiewe wyse u inkomste aanvul deur gebruik te maak van u spaartyd? Skryf om volledige inligting aan: VRIEND, Posbus 1411, KAAPSTAD. Baie het reeds hiervan gebruik gemaak.

TE KOOP

BOTTELSKEIE teen 3/9; Vierkantige Koppe teen 4/6. Swingsels 6/- een trek. — KOOS BOTHA, P/s Serpentine, Dist. GEORGE. Geen K.B.A.

CEDERBERG-ROOIBOSTEE (Eerste Graad Suiker). — 'n Verfrissende en Verkwikkende Gesondheidsdrank. Vra u Handelaar om vir u te bestel. Die spesiaal-gekwakte, suiker Cederberg-Rooibostee, vir geur en gesondheid, direk van die verpakker: A. J. MOUTON, Gelukwaarts, CITRUSDAL, K.P.

EERSTELAS UIESAAD. — Vroes Kaapse Plat, Geel Uie, 8/- per pond. Australiese Bruin en Spaanse Bruin Uie, 6/- per pond. Silver King, 10/- per pond. Gesertifiseer No. 8163 en 6372. — GERT VAN ROOYEN, Bus 41, UNIONDALE.

GROENTESAAD. — Vars, gesertifiseer. Vroes Kaapse Plat Uie, 7/6; Australiese Bruin, 6/-; Chantenay Wortelsaad, 7/6; Detroit Beet, 7/8. Skryf om volledige pryslys. — KAROO SAAD-VERSPREIDERS, Posbus 107, OUDTSHOORN.

GROENTESAAD. — Chantenay Wortelsaad 12/-; Donker Detroit Beet 10/-; Blomkool; Suiderkruis 20/-; Reliance 25/-; Spitz Kopkool 12/6; Koel en Broos Komkommer 15/-; Tom Watson Waatlemoen 16/-; Blaarslaai 22/-; Little Gem Skorsies 12/-; Lang Wit Bos 13/-; Raap 7/6; Uie: Australiese Bruin 6/6; Kaapse Plat 10/-; „Silver King” 12/6. Almal per pond. 2/- duurder op halfponde. Posvry. K.M.B. — PREMIER SAADKWEKERS EN VERSPREIDERS, Schoemanshoek, Oudtshoorn.

HUIS. — Sandbaai, tussen Onrust en Hermanus. Gerieflike Woonstel. 3 Slaapkamers, Eetkamer, Gang, Kombuis, Badkamer, Groot Stoep. Rietdak. Water aangelê op een perseel. £1.500. — Skryf aan: J. JOUBERT, 2A Bedfordstraat, OBSERVATORY.

HERHOLDT SE BEROEMDE VRUGTEBOME verseker tevredeheid, genot en profyt op die boereplaas sowel as in die dorpsstede. ROSE: pragtige verskeidenheid van kleure. Bespreek nou vir winter planttyd en voorkom teleurstelling. Pryslys vry. Bekoorlike gesorteerde HOLLAND SWAARDELEIE-BOLLE word binnekort verpag. 12/6 per dosyn. — HERHOLDT SE BOOMKWEKERIE, Posbus 660, JOHANNESBURG.

HONDE. — Pragtige twee-maande oud Boerboel Hondjies gekruis met Boelterrier. Baie kwaal en waaksaam. Reuntjies £33/-. Teifes £22/-. Kontant met bestelling. Skryf aan: G. DE BRUIN, Clydesdaleweg 54, Casseldale, SPRINGS.

LOOIERY TE VERKOOP. — Hete besigheids met toebehore, ongeveer 23 morge, grensende aan Vryburg-dorp. Woonhuis, windpomp, looifabriek, insluitende 300 gelooide grootwildvelle, 300 skaap- en bokvelle. Koopprijs £2.000. Verdere informasie op aanvraag van: P. S. MARAIS, Bus 107, VRYBURG.

MEUBELS. — Swierice en duursame Tambotie- en Kwant-Meubels, regstreeks van ANDRIES MAREE se Meubelfabriek, teen streng fabrieksprijs. — Navrae: ONS BOERE-MEUBELWINKEL, Scholtzstraat 54, Lichtenburg. Telegramme: „Tambotie,” Tel. 136.

PATATS. — Mooi, vars, wit, drie maande patats teen 15/- per 150 pond sak, gelewer Serpentine-sylyn. K.M.B. — P. J. GERBER (C.seun), Hoekwil, GEORGE.

PETRA-MEUBELS BPK. — Die goedkoopste Meubelwinkel in Pretoria vir kwaliteits-meubels. Radios in voorraad. Posbus 1356, PRETORIA.

SAAD-ERTE. — Direk van kweker. Ekte „Greenfeast” Saad-erte teen 1/- per pond. V.O.S. Willowmore. Minstens 10 pond. Skryf aan: P. F. SCHOLTZ, P.K. Rietbron, WILLOWMORE.

SOUT. — Aandag Brandwagte. Die O.B.-Soutwerke bied aan: A1 59/-; No. 1, 54/-; No. 2, 49/- per ton, kosteloos gelaai Soutpan. — Adres: VENTER EN DU PLOOY, Possak Arbeidsloot, BLOEMFONTEIN.

Iets Anders Vir Die Teetafel

Is u al raadop vir iets oorspronklik by die teetafel? U is al moeg vir koek en het miskien nie so 'n hand vir tert nie. Een of ander vrugtebroodjie, in snytjies gesny en met botter gesmeer is altyd populêr en sal 'n welkom verrassing wees. Hulle is baie lekker heeltemal vars maar kan ook 'n hele tyd-lank gehou word.

Albei hierdie broodjies is so maklik en gou om te maak — nie 'n vermoeiende romery van botter en suiker nie, want veral noudat die winter naderkom en die botter so hard word, is 'n romery altyd so tydrowend. U kan met gemak die neut uitlaas as u dit verkies, of as die tyd ontbreek. As u egter hou van neut, onthou grond-boontjies is goedkoop en lekker.

PIESANG-BROODJIE:

Bestanddele:

3 ryp piesangs
2 koppies standaard meel
¾ koppie suiker
2 eiers
1 teelepel sout
1 teelepel koeksoda
½ koppie gekapte neut.

Metode: Maak piesangs fyn met 'n vurk. Klop eiers lig, voeg suiker by en meng met piesangs. Sif meel, soda en sout hierby (gooi die semels by die mengsel). Voeg neut by en bak vir een uur in matige oond (350° F). Die hoeveelheid is genoeg vir een mooi broodjie.

Dadels is nou weer te kry en elke huisvrou haal weer haar dadelresepsies uit. Het u al hierdie een probeer?

DADEL-NEUTEBROODJIE:

Bestanddele:

1 koppie dadels fyn gesny
½ koppie suiker
¼ koppie botter
¾ koppie kookwater
1 goedgeklopte eier
1 teelepel koeksoda
1½ koppie meel
½ teelepel sout
½ koppie gekapte neut

Metode: Smeit botter in kookwater. Voeg suiker en dadels by, meng, en laat afkoel. Voeg ander bestanddele by en bak in matige oond 40—50 minute.

SOUT. — A1, 59/-; No. 1, 54/-; No. 2, 49/- per ton, gelaai in goeie sakke. Tevredeheid gewaarborg. Kontant met bestelling. Enige hoeveelheid onmiddellik gelaai. — Mev. F. DE BEER, Rusplaat, P.K. FLORISBAD.

SOUT. — Ondersteun u mede-Afrikaanse. Spesiale A1 59/-; Sneeuwit No. 1, 54/-; Wit No. 2, 49/- per ton, vry gelaai Soutwerke. — Adres: MEV. MARTIE VENTER, Possak Arbeidsloot, BLOEMFONTEIN.

TAFEL-AARTAPPELS EN SAAD-BONE. — Goeie gesonde Tafel-aartappels f1 en f15/- per sak. Swartwonder Saadbone. Eerste oes van ingevoerde saad. Baie geskik vir groenbome binne 53 dae. Prys 1/- per lb. of f8 per sak van 203 lb. Skryf aan W. G. VAN AARDT, Kliprug, P.K. Bankop, Dist. ERMELO.

TAFEL-AARTAPPELS. — Heerlike vars, gesonde Up-to-Date Tafel-aartappels teen 32/6 per sak 153 lb. V.O.S. Bethlehem. Ek waarborg tevredeheid. S. W. RABIE, Kommandant, Bus 328, BETHLEHEM.

VAN'S CONCRETE PRODUCTS. — Terazzo kombuis- en handwasbakke, baddens, septeles tenks, pilaars, vloerteëls, voertroe. Enigiets in beton. — Direkteure: P. W. en P. G. VAN HEERDEN, Potgieterstraat 258, PRETORIA.

WYNE

VYF GELLING Muscadell-liqueur f2 12s. 6d.; anker f3 17s. 6d.; 5 gelling Roof of Wit Muscadell, Jeripio of Beste Ou Port f2 2s. 6d.; anker f3 2s.; 5 gelling Roof Soet Muscadell f2; anker f2 18s. 6d.; 5 gelling Worcester Hock, Soet Sjerrie of Half-soet Muscadell f1 15s.; anker f2 11s. Voorwaardes: Kontant of K.B.A. Wyn gelewer Bonneviale-stasie. Vaaftjies moet teruggelewer word. — J. C. JONKER, Weltevrede-Wynmakery, Posbus 6, BONNIEVALE, K.P.

„Die O.B.” word gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery (Edms.) Beperk, Stellenbosch vir die eienaars en uitgewers: VOORSLAG (Edms.) Beperk, Grootte Kerkgebou 703, Kerkplein, Kaapstad.

Ou Meester Gesels Oor Die Natuur

SINKPLAATPAD. — Die dele van ons land waar dit onlangs so mooi gereën het, lyk nou pragtig, maar daar is darem een nadeel aan verbonde. Dit is nl. dat die paaie in sekere dele onbegaanbaar gemaak is weens verspoelings. Hierdie ongerief is egter van tydelike aard aangesien sulke skade meesal binne afsienbare tyd herstel kan word. Wat egter baie meer ongerief veroorsaak en ook van 'n meer blywende aard is, is die sogenaamde sinkplate op ons paaie. Wat nou eintlik die oorsaak of oorsake daarvan is, is die deskundiges dit nog nie eens met mekaar nie. Daar is wel 'n paar menings uitgespreek wat almal ewe aanneemlik skyn te wees. Een hiervan is dat die trillinge wat deur die voertuig veroorsaak word op die grond tot so 'n mate skud dat walletjies gevorm word. As 'n illustrasie van hierdie teorie doen die voorstanders daarvan aan die hand dat u maar self 'n kisse of dergelike houder moet neem, 'n dun lagie sand daarin moet gooi, en aan die kant van die houder met 'n geskikte voorwerp moet klop. Mettertyd sal die sand dan in golfies lê. 'n Ander mening is dat die motor aan die wieg gesit word deur een of ander duik of bult in die pad. As die motor dan afwieg sal sy gewig die wiele vaster op die grond druk as wanneer hy opwaarts wip. Die wiele waarop die aandrywing gedoen word, sal dan met so 'n afwaartse beweging die grond as 't ware meer wegskop of induik as wanneer die motor opwaarts wip. Hierdie beweging sou dan die reëlmatige golwe op die pad veroorsaak. As sinkplaat dan eers 'n vatplek gekry het op een gedeelte van die pad, sal dit maklik uitbrei.

Die geleerdes skyn dit eens te wees oor één faktor, nl. dat die grond hier in S.A. arm is aan klei, wat meebring dat die sand in die grond nie so goed gebind word om die vorming van sinkplaat teë te werk nie. Dit word beweer dat die verskynsel van sinkplaat by ons meer aangetref word as in enige ander land ter wêreld.

U sal waarskynlik meen dat daar vir ander oorsake vir die vorming van sinkplaat op ons paaie gesoek moet word, aangesien hierdie verskynsel hom selfs voordoen op ons teerpaai. Daar moet egter onthou word dat teer baie buigsaam is, met die gevolg dat dit die vorm van die grond daaronder sal aanneem. As die laag grond onder die teer dus blootgestel is aan die vorming van sinkplaat, sal geen teerbedekking die saak verhelp nie.

DOOI SEE

En nou een en ander oor die see. Dit is nie verniet dat die Dooie See daardie benaming gekry het nie. Hy is dood in die sin dat daar nie lewende diere in aangetref word nie. Daar leef geen visse of plante nie. Die water van die Dooie See is daarvoor veels te sout. Gewone seewater bevat maar sowat 3½ dele sout per honderd dele water, terwyl die Dooie See 20 dele sout per hon-

TE KOOP GEVRA

BENE. — Die voorsiening van beenmeel is kort. Alle persone wat toegang tot bene het, word ernstig versoek om dit sonder versuim aan ons te stuur. Ons betaal f7 per ton (7/- per 100 pond) vry op spoor u stasie of sylyn. Dit is noodsaaklik dat adviesbriewe gepos moet word as bene gestuur word. Spoedige betaling word verseker. Leë sakke word VRY teruggestuur. Ons voedingsvoorsiening hang af van die voorsiening van beenmeel. — S.A. HUNT BEENMEEL- EN KUNSMIS-MAATSKAPPY, Warrenton.

derd dele water bevat. Volgens die mening van 'n groep deskundiges wat die saak van lewe in die Dooie See ondersoek het, skyn dit of daar tog wel dierlike en veral plantaardige organismes teenwoordig is. Hierdie organismes is egter nie met die blote oog sigbaar nie. Of hulle hulle bestaan sal kan voortsit in die verre toekoms hang daarvan af welke aanpassingsvermoë hulle aan die dag gaan lê. Die Dooie See is nl. besig om altyd souter te word, aangesien die verlies in water deur verdamping groter is as die toevoer deur riviere. Dit sal bra moeilik gaan om te skat wanneer die Dooie See heeltemal opgedroog sal wees.

DIEPSTE PLEK

Die see is op sy diepste leiers in die Stille Oseaan. Om maar net naasteby 'n denkbeeld te kry van sy diepte is moeilik. Diegene van u wat al in die Kaap was en onder die indruk gekom het van die geweldige hoogte van Tafelberg sal waarskynlik 'n denkbeeld kan vorm van die diepte van die see op die diepste plek. Dit sal moontlik wees om Tafelberg tienkeer opmekaar te sit, en dan sal die boonste een nog nie eers uitsteek nie. Die diepte word bereken op iets meer as dertigduisend voet. Mount Everest, die hoogste berg in die wêreld, is net onder die dertigduisend voet hoog, en sal maklik kan toegemaak word deur die see.

SEESTROME

Nog 'n paar opmerkings oor seestrome sal miskien nie onvanpas wees nie. Die verklaring vir seestrome berus nog maar grootliks op teorieë, wat terloops baie aanneemlik skyn te wees. Seestrome vloei altyd in 'n bepaalde rigting en ook met 'n min of meer bepaalde snelheid. Hulle vloei ook op verskillende dieptes. Oor die algemeen genome is heersende winde grootliks verantwoordelik vir seestrome. Dan sal temperatuurverskille van die see by die Poolstreke en die Ewenaar ook strome veroorsaak. Die warm seewater stroom van die Ewenaar na die Poolstreke, vanwaar die afgekoelde water dan weer as onderseestrome terugvloei. Ook die draai van die aarde om sy as sal 'n invloed hê op die rigting en snelheid van die seestrome.

Die belangrikheid van die Oseaan sal besef word as daaraan gedink word dat ongeveer driekwart van die oppervlakte van die aarde deur see beslaan word.

VERJAARDAGKETTING

- 4 APRIL: Kosi Steyn, Stellenbosch; Helena Coetzee, Pearston; Danie Venter, Tarkstad; Wilhelmina de Villiers, Paarl; Heiletje van Jaarsveld, Mamagallieskraal; Willem van Wyk, Hoëwal.
- 5 APRIL: N. Smit, Maricoedraai; Susanna Nel, Kirkwood; Elise Schoeman, Pearston; Roelof Coertze, Stellenbosch; Irmgard Annas, Woodstock; Katerina Smit, Durbanville; Maria Cronje, Groot-Brakrivier; Estie Burger, Montagu; Ralph le Roux, Rawsonville.
- 6 APRIL: Renier Basson, Wellington; Magdalena Vlok, Loxton; Deon Snyman, Fraserburgweg; Hendrik Joubert, Vloottenberg; Mathilda Cloete, Zeerust; Sussanna Kotze, Vaalkop.
- 7 APRIL: Johanna Coetzee, Bosbokrand; Philip Pretorius, Koedoeskop; Daniel Opperman, Hoëwal; Alexis Heyns, Humansdorp; Johan Krohn, Tierveld; Gideon Slabber, Paarl.
- 8 APRIL: Marie Meyer, George; Mercia Meyer, George; Helene Jonker, Stellenbosch; Catharina Liebenberg, Uppington; Hennie Durr, Malmesbury; Jan Jacobs, Port Elizabeth; Jan Slippers, Aughrables.
- 9 APRIL: Maureen Ungerer, Kirkwood; Josef le Roux, Franschhoek; Susana Myburgh, Aughrables; Stephanus Maritz, Claremont; Louisa Laubscher, Stellenbosch; Anna Coetzee, Wilgenhoutsdrif; S. van Wyk, Rustenburg; E. F. Botha, Koedoeskop.
- 10 APRIL: Nicolaas Smit, Bosbokrand; Jacobus Snyders, Lambrechtsdrif; W. J. Nel, Somerset-Oos; Jan Visser, Nababeep; Magaretha Viljoen, Goudini; Sera Nortje, Die Strand; Maria de Villiers, Paarl.

Vir Ons Vroue

Hoeveel Tyd Kan U Nog Spaar ?

Die suksesvolle huisvrou doen oneindig meer as koskook en huis aankant maak. Die moderne lewe eis so baie van elke een wat maar gewillig is om te gee en elke reggeerde vrou sal graag haar deeltjie wil bydra tot die maatskaplike lewe van haar dorp. Daarby wil sy graag een of ander soort van oefening kry hetsy deelname aan sport of 'n vinnige wandeling na aandete. En hoe verlaag die huisvrou nie soms om weer 'n bietjie klavier- of sangles te neem om dit, waarin sy voor haar huwelik goed presteer het, weer op te knap nie! Of sy moet aan haarself erken: „Ek lees regtig te min — ek het verlede week laas 'n koerant gelees om van 'n goeie boek oor een of ander aspek van huishouding nie eers te praat nie.” Ai, en hoe gou kan mens nie in 'n geselskap agterkom watter vrouens nie lees nie! Dis alleen wanneer mens gereeld lees wat jy lewendig en belangstellend kan bly en nie in 'n groef raak nie.

U mag self nie verskoon deur eenvoudig skouerophalend te sê: „O nee, maar daarvoor het 'n huisvrou nie tyd nie.” U moet tyd maak daarvoor. „Maar hoe?” sal u vra, „ek bly die hele dag besig.” En ons glo u goed. Maar aan die ander kant is dit ook waar dat meeste huisvrouens hopeeloos sistematies en onwetenskaplik te werk gaan. Hulle staan eenvoudig in die oggend op en begin sommer blindelings van 'n kant af werk sonder om ooit werklik te dink wat is nou die mees tyd- en arbeidsparende metode om 'n bepaalde stuk werk te doen. Baie van ons moet nog leer om meer ons kop te gebruik om ons hande en voete te spaar!

STELSELMATIG

As ons huisvrouens geleer het om meer sistematies te werk — soos dit tog in enige ander beroep geskied en waarom nie ook by huishouding, die belangrikste van alle beroepe nie? — sal hul vind dat hul baie meer tyd tot hul beskikking het wat hul nuttig kan gebruik of waarin hulle baie meer van die huiswerk self sal kan doen. U sal vind dat u baie minder afhanklik is van kleurling- of ander arbeid, en dit net omdat u dink voordat u begin werk.

U moet probeer om gesond en eenvoudig te lewe. Let wel, dit beteken nie dat u nooit iets aantreklik en interessant mag opdis nie! Gebruik volop melk en vars groente en vrugte, sover moontlik rou, en sny liever ryk gestoomde poedings en te veel gebraaide voedselsoorte uit — u sal tyd spaar en u huisgenote sal gesonder wees as u u liever wil toelê op nageregte van vrugte, of melkpoedings om maar een voorbeeld te noem. Onthou verder die huisgenote wil werklik leef in die huis en nie altyd bang wees om 'n kolletjie op die tafeldoek of 'n krummeltjie op die tapyt te mors nie! Dit sê egter nie dat die huis ordeloos moet wees nie.

GEREEDSKAP

Gebruik arbeidsparende toerusting sover as moontlik. Diegene in die stede wat 'n wasmasjien, of stoomdrukkoker, elektriese koekmenger of stofsuier kan bekostig, moet dit gebruik. 'n Elektriese yster en mouplankie bespaar baie tyd met stryk. 'n Goeie eierklitser, appelboor, rasper, skerp kombismessie, broodsnijer, maatbe-

ker, stel maatlepels, dienwaentjie, boontjie-kerwer, ontpitpeltjie, dubbele kastrol, vuurvaste glasware, afdruprak vir skottelgoed, ens., is almal aparatuur wat ontsaglik baie werk en tyd sal spaar as u dit doeltreffend gebruik. Elektriese apparaat is baie handig en ons sal in die toekoms ons moet toespits daarop om goeie gebruik daarvan te maak as ons as volk meer selfversorgend wil wees. Doeltreffende gebruik van elektriese huishoudelike toerusting het die Amerikaanse vrou in staat gestel om tydens die oorlog haar huishouding waar te neem en nog oorlogswerk, hetsy in 'n fabriek of andersins, ook te doen.

LOOP MINDER

U moet sorg dat toerusting gerangskik is om onnodige loperij sover moontlik uit te skakel. Dis veral van belang in die kombuis. Die kombuis moet doeltreffend klein wees: onnodige ver afstande tussen die yskas, tafel, stoof, kombuisas en wasbak bring oneindig baie loperij met sig mee. Hierdie toerusting moet ook volgens die doeltreffendste en mees arbeidsparende metode gerangskik word — oor 'n doeltreffende kombuis gesels ons later.

Sorg dat elke ding in die huis 'n plek het en hou dit daar. Ja, ek besef dis makliker gesê as gedoen veral as daar kinders in die huis is. Hulle moet egter geleer word om iets terug te sit op sy plek nadat dit gebruik is want oneindig baie tyd word in 'n huis gemors as daar gedurig moet gesoek word na een of ander artikel. Ook moet kinders hulle speelgoed self versorg — dit leer hulle om dit te respekteer en verhoed menige lelike val in die donker oor speelgoed wat saans rond lê in die huis op enige onmoontlike plek. In 'n goeie huishouding moet daar orde wees.

Kosuitvoer

In 'n tydperk van ses maande het agt skepe wat hier aangedoen het, 494,000 pond varsvleis, 13,700 pond botter, 14,000 pond kaas, 74,000 eiers, 99,100 pond ham en spek en 173,000 pond suiker uit die mond van die bevolking geneem. Hierdie voedsel is van die skaarste soorte wat huisvrouens sukkel om te kry. Een van hierdie skepe het nie minder as 6,200 pond botter ingeneem nie. Dit was genoeg vir 'n hele paar reise.

Grootste Gevaar

„Rusland is die grootste gevaar wat die Verenigde State nog ooit bedreig het,” het die eertydse Amerikaanse gesant in Bulgarye, in Boston verklaar. Hy het daaraan toegevoeg dat Rusland 'n ultimatum moet ontvang dat hy na sy eie gebied terug moet trek. „As hy weier, sal ek die atoombom op hom gebruik, terwyl ons dit het en voordat hulle dit kry.”

„Ek gaan in die onmiddellike toekoms Amerika probeer bewys maak van die verskriklike bedreiging wat Rusland vir ons is. Die Amerikaanse staatsmanne sus die Amerikaanse volk met 'n bedrieglike gevoel van veiligheid,” het hy gesê.

HELP MEKAAR

Samewerking van die familie verlig nie alleen die moeder se werk nie, maar skep 'n gesonde atmosfeer van „help mekaar en dan is alles gou klaar.” Kinders kan help met skottelgoedwas, tuinwerk, versorging van huisdiere en pluimvee, weeklikse kousestop, oppas van 'n klein sustertjie of broertjie, ens. Die verstandige moeder sal dit só reël dat kinders dit nie beskou as 'n straf nie. Moontlik kan hulle een of ander klein vergoeding elke week ontvang as hulle getrou was — dit verskaf dan tegelykertyd 'n ideale kans om kinders te leer om met geld te werk deurdat hulle aantekening moet hou van alle uitgawes.

U moet werk volgens 'n weldeurdragte vooraf-opgestelde werkskema: dit is die grondslag van 'n sistematiese huishouding en so min van ons huisvrouens doen dit ooit! Sô 'n werkskema moet neergeskryf word om van waarde te wees, maar hieroor volgende keer. Moet intussen nie die ander wenke vergeet nie: maak 'n punt daarvan om dit te probeer.

DIE SUID-AFRIKAANSE HUISVROU MOET MEER SELFVERSORGEND EN MINDER AFHANKLIK WEES EN ONS MOET NOU BEGIN.

Russe Brei Invloed Uit In Duitsland

Die reëlings vir die same-smelting van die twee grootste Duitse politieke partye in Berlyn, die Sosiale Demokrate en die Kommuniste, het nou die finale stadium bereik, berig 'n korrespondent van die Engelse pers uit Londen. Die samesmelting tussen die twee partye sal in die hele Russiese gebied plaasvind en is 'n set van Rusland.

Hierdie twee partye hou op 19 en 20 April afsonderlike konferensies in Berlyn en daar word verwag dat albei partye die voorwaardes van die same-smelting sal aanvaar.

Die idee dat die twee partye moet saamsmelt, het oorspronklik in Berlyn uitgebroei, berig die korrespondent.

Die oorheersende invloed van die Russe in Berlyn is 'n onweerlegbare feit. Die administrasie in die drie sektors van die Westerse Geallieerdes werk vlot, maar die belangrikste take van die algemene administrasie is in die hande van die Russe.

RUSSE OORHEERS

Die Berlynse radio en agt van die elf blaie in Berlyn staan onder Russiese beheer. Ook die polisie staan onder Russiese invloed. Al die vakverenigings in Berlyn is ingelyf by die vakunies van die Russiese gebied. Al hierdie dinge het daartoe bygedra om die invloed van die Engelse en Amerikaners te laat daal.

Die korrespondent voeg daaraan toe dat niesteenstaande die teenkanting van die Sosiaal-Demokratiese Party in die Russiese sektor, die samesmelting sal voortgaan. Verskeie persone wat sterk teen die samesmelting gekant is, is gearrester deur die Russiese bevelvoerders.

Die Westerse Geallieerdes staan vandag voor die feit dat die hele Berlyn onder die Russiese invloed staan.

Kommissie Benoem

Sal Mynwerkers Se Sake Behartig

Die regering het per noodmaatreël uitvoering gegee aan die ooreenkoms met die Randse mynwerkers wat weens ontevredenheid met hul bestuur kort gelede gestaak het.

'n Kommissie is benoem wat toesig oor die mynwerkers se sake sal hou totdat 'n verkiesing gehou word. Dit moet voor 1 Junie plaasvind.

Die voorsitter van die kommissie is brigadier E. Williamson, geldelike adviseur van die departement van verdediging.

Vindingryke Vroue

Die Vroue-kommando van Malmesbury maak van elke geleentheid gebruik om hul fondse te styf. By 'n veeveiling wat onlangs gehou is, het hulle koffie en teebroodjies verkoop en die mooi bedrag van £15 ingesamel. 'n Ander metode wat die kommando volg om geld in te samel is om resepsies te reël vir bruilofte.

Aan Die Werk vir 8 Augustus

„Welgeleë,” die plaas van kommandante Lategan, was op 16 Maart die toneel van groot bedrywigheid. Die doel van die byeenkoms was om ons nuwe hoofvrou, generale dr. Erica Theron, welkom te heet in die Steenberg-kommando, en tweedens om fondse vir 8 Augustus in te samel.

Nadat komdte. Lategan dr. Erica Theron aan die brandwagte en offisiere voorgestel het, het sy kortliks die hoofpunte van die K.G. se toespraak te Bloemfontein beklemtoon en geëindig deur te sê dat ons nou die beginsels van die O.B. moet uitleef, en sonder enige haat of onverdraagsaamheid, want al verskil ons in sommige opsigte, van ons mede-Afrikaners, is daar meer punte van ooreenkoms.

Daarna kon almal van die heerlike gebak en lekker vars groente en druiwe koop, en sommer baie gou het 8 Augustus se fondse met £16 gestyg. Die druiwe was almal van Welgeleë.

Onder die aanwesiges was die A.K.G. en mev. Smith, genl. en mev. Du Toit van Zyl, en generaal P. D. Rousseau en J. de Vos. Mnr. en mev. Lategan verdien alle lof vir al hul gasvryheid en hulpvaardigheid. — (Ingestuur).

Kakamas

Op 27 Februarie het Kakamas-kommando Vryheidsdag gevier. Die verrigtinge is geopen met 'n voorlesing uit die Skrif, en gebed deur ons kommandant, waarna hy op besielende wyse verslag gedoen het van die offisiere-laertrek te Bloemfontein. Die vuur is daarna aangesteek en die Gelofte gelees.

'n Silwerkollekte is gehou, wat saam met die opbrengs van die verkoping vooraf, 'n bedrag van oor die £30 opgelewer het. — (Ingestuur).

PLUIMVEE

Die Beste Firma om u PLUIMVEE, EIKERS en ander PRODUKTE aan te stuur is:

C. M. ELOFF EN KIE.
(Edms.) Repert
MOREMARK (Postbus 7185) Newtown

W. Voigt (Edms.) Bpk.
Fabrikante van
Kelder- en
Besproeiingsmasjinerie
Bus 10 — HUGENOOT, K.P.

Vir Deftige Tabberds Twee-stuk Rokke en Somerhoede

Kom seker eers na

Steyns

DIE DAMES-WINKEL
PAROW

MARKAGENTSAP

VROEE MORE-MARK

KAAPSTAD

Betaling geskied onmiddellik, weekliks, maandeliks of soos verlang

Beste heersende pryse

MINNAAR

EN VAN SCHOOR

Planar: GUSTAV RETIEF

SCHOEMANELLO DRANK

Vir Kwaliteit en Tevredenheid die Goedkoopste

KOOP DIREK TEEN GROOT-HANDELS-PRYSE

WYNE:	Per Bottel van 1 tot 12 in 12-bottel-kisties	Per gell. in vaatjies van 5 gell. of meer
Fonkelwyn	7/-	—
Lewenswyn	3/9	—
Vermouth	3/-	—
Hannekraai — Cocktail ..	4/-	—
SOET WYNE:		
Likeurwyn en Ou Port ..	2/6	11/-
Ou Wit Port en Sauterne ..	2/6	—
Port, Rooi Soet Muskadel, Wit Soet Muskadel ..	1/8	8/-
Jeripigo, Rooi en Wit ..	1/9	8/6
Woester Hock en Pontak ..	1/7	7/6

SJERRIES:	
Amontellado (Droë), Kimberley Klub (Droë) Ou Bruin (Soeterig), Ou Oloroso (Soet) ..	2/9
Goue (Soet) ..	2/6
Spesiale (Soeterig) ..	1/6
Sjerrie (Soetrig) ..	1/5

DROE WYNE:	
Burgundy ..	1/9
Claret en Wit Droë ..	1/6

BRANDEWYNE:	
Super de Luxe ..	8/6
De Luxe ..	7/6
Ekstra Spesiaal ..	7/-
F.C. ..	8/6
Buchu ..	7/6

JENEWER ..	7/6
-------------------	-----

LIKEURS:	
Creme de Cacao ..	7/6
Goue Manderin, Curacao, Kummel, Plesang, Perske, Appelkoes ..	7/-
Naeltjie ..	6/6
Kersie, Anys, Gemmer, Lemoen, Van der Hum, Peperment ..	6/6
JENEWER-LIKEURS:	
Lemoen en Suurlemoen ..	7/6


5% of 1/- per £ afslag wanneer Kontant met Bestelling gestuur word.

Voeg by 5/- vir kisties en bottels, en 15/- vir vaatjies wat vergoed sal word by terugsending. Word verkoop in 12-bottel-kisties of 5-gelling-vaatjies of groter. U kisties van 12 bottel kan Wyn, Brandewyn, Jenever, Likeur, Vermouth en Hannekraai bevat. — Termen: K.M.B. plus treingeld na sylyne, K.B.A. plus treinkommissie. V.O.S. OUDTSHOORN.

Bestel van

JURGENS SCHOEMAN,
BUS 142 • OUDTSHOORN

VERKIES GETROUHEID



Maarskalk Herman Göring wat die voorbeeld aan sy mede-beskuldigdes te Neurenberg gestel het om lojaal te bly aan Hitler en die Nasionaal-sosialistiese bewind. Hy word hier in die getuiebank gesien waar hy die hof verbaas het deur die fiere houding wat hy ingeneem het.

Wraakhof Wil Motief Nie Aanhoor

Die verdediging van Rudolf Hess wat gedurende die veldtog van 1940 na Engeland gevlieg het, is gedurende die afgelope week in die Neurenbergse skynhof buite orde gereël. In sy verdediging het Hess die onregverdigheid van die Verdrag van Versailles aangehaal. Nadat die hof daarvoor beraadslaag het, het regter Lawrence aangekondig dat die getuieis betreffende die onregverdigheid van die Verdrag van Versailles nie toelaatbaar is nie. Die hof het dus die legger met dokumente en toesprake wat as deel van Hess se verdediging ingedien is, verwerp.

In enige beskaafde hof is dit van die uiterste belang om vas te stel wat 'n beskuldigde se motief vir die beveerde misdaad was. Daarvolgens word sy skuld bereken en ook sy straf. As hy sterk beweegredes gehad het, word versagtende

omstandighede gepleit. Maar voor hierdie wraakhof mag die beskuldigde nie aanvoer wat sy motief was nie!

Die redes vir sy tog na Engeland en sy samesprekings wat hy met burggraaf Simon gehad het, het ook aan die lig gekom. Sy aanbod en pogings om vrede deur middel van 'n ooreenkoms met Engeland is van die hand gewys.

Die eerste getuie van Von Ribbentrop, Hitler se minister van buitelandse sake, het probeer om alle verantwoordelikhed op Hitler te skuif. Dit het gelei tot 'n heftige woordewisseling tussen Göring en Von Ribbentrop voor die hof na verdaging begin het. Die volgende dag het Von Ribbentrop egter sy trou aan Hitler en die nasionaal-sosialisme self bely, en is hy deur Göring gelukgewens toe hy terugkeer uit die getuiebank.

MINDER HUISE MAAR GROTER NOOD

Die aanbou van huise gedurende die eerste gedeelte van hierdie jaar sal met 25 persent verminder word as gevolg van die skaarste aan boumateriaal, het die boukontroleur, mnr. J. W. Mushet, verlede week verklaar.

Sedert die einde van verlede jaar het daar byna 4,000 aansoeke by die kontroleur van behuising in Kaapstad ingestroom. Van hierdie aansoeke kon tot dusver slegs 543 bevre-

dig word. Daar is dus nog meer as 3,000 aansoeke om huise wat nie aan voldoen kon word nie. Driekwart van hierdie aansoeke is afkomstig van oud-soldate.

Oudsoldate wat geen huise kan kry nie, het uit radeloosheid in halfvoltooië nasionale huise in Johannesburg ingetrek. Hulle is meegedeel dat hulle die huise in hul eie belang moet ontruim. Dit is egter nie gedoen nie. Die mense kon geen ander onderdak vind nie.

Volk Betaal Duurder Vir Parlementêre Sothede

As die volk in staat was om oor die salarisse van die parlementêre redekawelaars te beslis, sou die salarisse beslis nie gestyg het nie, maar gedaal het ten einde tred te hou met die peil van die debatte. Hierdie mense sit nie eens hul plek vol nie, laat staan nog te praat van vol staan.

Luister maar na die volgende erkenning van 'n lid, volgens Hansard No. 6 (par. 2569):

Mnr. WILKENS: U mag miskien dink dat ek kort van humeur is, maar daar is net twee Ministers in die Raad en hulle gesels en gee geen aandag nie."

Elke woord in die parlement kos die land EEN SJIJELING, en luister waarvoor die volk hierdie geld in die water gooi, soos opgeteken in Hansard No. 6 (par. 2591):

"Mnr. WANLESS: ... Dit spyt my dat ek moet terugkom op die agb. lid vir Umlazi (mnr. Goldberg) en ek sou dit nie gedoen het as hy nie aanspraak gemaak het op super-intelligensie nie, maar met al sy intelligensie kan hy nie die eenvoudige feite begryp wat in breë trekke en duidelike taal in die openingsinne van hierdie hand-

ves genoem word nie.

Mnr. GOLDBERG: In watter opsig het ek aanspraak gemaak op super-intelligensie?

Mnr. WANLESS: Uit die opmerkings wat u gemaak het...

Die SPEAKER: Orde, orde! Sal die agb. lid so goed wees om die stoel toe te spreek... Pogings om 'n lid terwyl hy praat te ondervra en aan kruisverhoor te onderwerp, het te ver gegaan in die Raad en ek wil die agb. lede... daarop wys dat dit onreëlmagtig is".

HOEVEEL WERD?

Hoeveel salarisverhoging dink u regverdig onderstaande toespraak? (Par. 2661):

"Mnr. DERBYSHIRE: Ek gee aan die hand dat die agb. lid nie so luidrugtig moet wees oor 'n onderwerp waarvan hy niks af weet nie. (Tussenwerpsels). Party van hierdie nuwe lede is skaars vyf minute hier en dan probeer hulle al vir ons vertel hoe ons die land moet regeer. As die agb. lid bietjie langer hier is, sal hy begin besef dat dit vir hom daar in die hoekie beter is om gesien as gehoor te word, totdat hy bietjie meer onderskeidingsvermoë aangekweek het. Dit is eintlik bietjie jammer dat hierdie lede 'n bietjie kritiek nie kan verdra nie, hierdie ja-broers wat uitkyk na toekomstige gunste en gawe... Slegs 'n jaar gelede moes ons die aandag van die Minister vestig op 'n rondskrywe wat in die koerante ver-

skyn het.... Die rondskrywe het aan die hand gegee dat agb. lede soos my vriend hier in hondebokke geplaas kan word as hulle op reis is.

Mnr. VAN ONSELEN: Sou u nie van 'n hondebok hou nie?

Mnr. DERBYSHIRE: Ek weet nie hoekom hulle ooit toegelaat het dat u uit die hondebok gelaat is nie".

Dit is vir sottighede soos hierdie wat die salarisse van parlementêrs verhoog moes word. As dit bedoel is as 'n aanmoediging vir die lede om meer aktief te wees, kan daar voortaan meer kaf uit die parlementshuis verwag word.

K.G. OP OUDTSHOORN

Op 9 Maart het die K.G. op Oudtshoorn 'n goed verteenwoordigde vergadering toegeesprek. Die vergadering is geopen met gebed deur ds. Du Preez en daarna het genl. Schoeman 'n kort woord gerig aan die gehoor en die K.G. aan die woord gestel.

Die K.G. het kortliks die beleid van die O.B. verduidelik, en gesê ons moet werk om die eenheid van die volk te bewerkstellig deur die partye af te skaf en dan die beroepe in die plek daarvan te stel. Na die toespraak is 'n paar vrae gestel. — (Ingestuur).

So Pas Verskyn!

EERS DIE KONINKRYK



deur

H. J. M. REDELINGHUYS

7/10 Posvry.

'n Godsdienstige Roman oor jongmense, hulle strewe na geluk, hulle moeilikhede, hulle teleurstellings en vernederings en eindelijk hulle oorwinning.

WAT IS 'N WONDER?

Waarom moet ons Bid? Is die „lot" veroorloof? Mag ons lewensversekering, medisyne, ens. gebruik? Hierdie vrae word beantwoord in:

God Se Voorsienigheid

deur

Ds. I. D. KRUGER

2/3 Posvry.

'n Ossewa-reeks-Uitgawe.

NUWE BOEKE:

Die Huis op Paradyseilaard, deur R. G. van Ewyk .. 7/10
Stad Sonder Siel, deur Dirk Mostert .. 8/10
Wande, deur Magda Smit .. 8/4
Reënboog in My Drome, deur Anton Gewers .. 4/3
Bloedspoor na die Kraters, deur R. Hendriks .. 8/4

PRO ECCLESIA-BOEKHANDEL

POSBUS 29

STELLENBOSCH

